SAT-7 NUUS

SAT-7 SA Nuusbrief — Oktober 2017

SAT-7 AKADEMIE BEKENDGESTEL!

Die bekendstelling van SAT-7 se nuwe opvoedkundige kanaal is positief deur beide kenners en kykers ontvang. `n Inspirerende tien dae regstreekse uitsending, met deelname deur onderskeie gaste, het die kanaal op 1 September ingelei.

Die bekende aanbieder, Milad Hadchiti het vanaf 1 September elke aand die twee-uurlikse program, *AKADEMIE: Meer as Opvoeding* aangebied. Met die eerste uitsending het verskeie SAT-7 Direkteure kykers verwelkom en die kanaal se "drie pilare": opvoeding, sosiale ontwikkeling en gesondheid verduidelik. Bekende en gerespekteerde persone van opvoeding, gesondheid, media en ontwikkeling departemente in Libanon het gedurende die uitsendings opgetree en hul entoesiasme vir die SAT-7 AKADEMIE kanaal uitgespreek.

Tieners, ouers en onderwysers van die *My Skool* reeks het ook opgetree. Hul deelname weerspieël die nuwe kanaal se beleid om `n wye spektrum van programme vir kinders, sowel as ouers en opvoeders aan te bied.

"DIE TYD IS RYP VIR KWALITEIT OPVOEDKUNDIGE TELEVISIE!"

Suster Caroline Rai, bekende skoolprinsipaal spreek haar entoesiasme uit: "Dit is byna `n ongelooflike gedagte dat `n kanaal so `n holistiese benadering tot opvoedkunde bied. Baie kykers sal opgewonde op die programme reageer!"

Paul Sayah, Biskop van Libanon het ook die kanaal se holistiese benadering en positiewe beleid geprys: "Die waardes wat die kanaal deurgee sal die algemene gedrag in etiek, goeie maniere, respek vir en verdraagsaamheid teenoor andere in die samelewing beïnvloed. Ons het hierdie waardes in die Midde-Ooste nodig... waar die een die ander, wat nie soos hy dink nie, verwerp."

Dr Raed Moshen, `n huweliks– en gesinsterapeut reageer soos volg: "Dit is hoog tyd dat ons kwaliteit televisie kry!" Dr Moshen beklemtoon dat SAT-7 AKADEMIE se uitstaande opvoedkundige en sielkundige programme sal uitstaan bo die paar ander kanale met nie-vermaaklikheids programme in die streek. Hy voeg by: "Ek is oortuig daarvan dat hierdie kanaal sal slaag en `n rolmodel wees vir ander kanale."

Die *AKADEMIE: Meer as Opvoeding* program is ook regstreeks op SAT-7 ARABIES uitgesaai en het miljoene kykers bereik wat gereeld na SAT-7 se eerste en oudste kanaal kyk. Kykers het onmiddellik opgewonde op sosiale media gereageer met gelukwensinge en positiewe kommentaar. Een kyker skryf: "Ek wens daar was lankal iemand wat in die media reguit praat oor die gebrek aan en belangrikheid van goeie opvoeding en wat gaste nooi om aan `n program deel te neem om die erns daarvan te beklemtoon."

Die bekendstelling is ook deur die plaaslike nuusblaaie gedek.

"LEER VANDAG, BEREIK MÔRE"

SAT-7 AKADEMIE, met die slagspreuk, "Leer vandag, bereik môre" se doelwit is om die gebrek aan opvoeding in die Midde-Ooste en Noord-Afrika aan te spreek. Dertien miljoen kinders in die streek het nie toegang tot skoolonderrig nie, terwyl diegene in skole dikwels nie geleer word om selfstandig te dink of verdraagsaam teenoor ander te wees nie.

Die kanaal se skedule sluit `n wye spektrum programme in, insluitend die *My Skool* programme en *iNEWS* — `n nuwe kultuurprogram aangebied deur die jeug; `n aktualiteitsasook verskeie ander programme.

OPVOEDING BUITE TV GRENSE

Saam met die SAT-7 AKADEMIE kanaal het SAT-7 `n e-skool platform op `n nuwe interaktiewe webwerf bekendgestel. (www.sat7academy.com) Kykers kan hier programme in eie tyd volg, aanpas by hul leervermoë asook hul vordering monitor. ■

PRET EN OPVOEDKUNDIGE PROGRAM VIR KINDERS

SAT-7 se nuwe kanaal, SAT-7 AKADEMIE, poog om met die program *Pret Plaas,* kinders op `n prettige wyse te betrek en te leer van gesondheid en voeding asook verskeie ander aspekte.

Om televisie te kyk is steeds vir kinders in die Midde-Ooste en Noord-Afrika `n belangrike aktiwiteit. Dit geld nie net tydens die lang warm somersdae nie maar is ook op die ure na skool van toepassing. Navorsing wys dat kinders van alle ouderdomme byna daagliks etlike ure televisie kyk. Jonger kinders is dit eens dat televisie die item is wat hul die meeste sal mis sou dit weggeneem word.

PRET EN OPVOEDKUNDIGE PROGRAMME

Kinders is baie ontvanklik en verwerk massas inligting uit dit wat hul sien en hoor. Daarom is dit noodsaaklik vir SAT-7 se kanale om programme aan te bied wat tegelykertyd boeiend, vermaaklik en opvoedkundig is. Die doelwit is om die ure wat kinders televisie kyk nie net vermaak te verskaf nie maar ook tot voordeel van die ontwikkeling van die kinders te wees.

Pret Plaas is `n kinderprogram met baie aantreklike segmente om die jong kykers te boei. Die program speel af teen `n plaas agtergrond. Elke episode bevat vermaaklike asook nuttige inligting met die doel om die voordele en gebruike van verskillende kossoorte aan die kinders te verduidelik. Sekere segmente fokus ook op oefening, stories, kuns aktiwiteite, musiek en dans.

Die aanbieder van *Pret Plaas* betrek die kykers deur die gebruik van sosiale media. Kinders kan video's van hulself maak waar hul een of ander kuns beoefen en dit instuur. Aan die einde van elke episode word `n vraag gestel waarop die kinders kan antwoord. Die wenners van elke episode word beloon met `n geskenk.

ELKE EPISODE `n ERVARING

Spesiale aandag word gegee om die kinders te leer om nie lukraak plante of onkruid langs die pad te pluk nie. Die gevaar dat sulke plante giftig kan wees word by die kinders ingeskerp.

In een van die episodes van *Pret Plaas* het die kinders die voordele en gebruike van mint vir gesondheidsredes, asook as geurmiddel in voedsel leer ken. Verskillende disse met mint is daarna aan die kykers gedemonstreer.

Die aanbieder het die episode afgesluit deur die vertel van `n storie oor `n kruisementplant. Die sukkelende plantjie het onder moeilike omstandighede aanhou groei tot `n pragtige, groot plant vol blare. Deur hierdie storie word kinders geleer om deur moeilike omstandighede te volhard en probleme te sien as geleenthede om te groei. ■

Kopiereg © 2017 SAT-7

Kontakbesonderhede in SA:

Posbus 72646,
Lynnwoodrif
Pretoria 0040
SUID-AFRIKA

www.sat7sa.org
southafrica@sat7.org
+27 83 628 6488
+27 12 807 2763

Bankbesonderhede in SA:

SAT-7 South Africa
ABSA / Takkode: 632005
Tjekrekening: 93-1343-4717
Verstrek asb naam en adres met inbetaling

MAAK
LIEFDE
SIGBAAR